# Wat sou Jesus verander?

# Deel 5 – Een of Alles

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

---

---

## Vrae vir Bespreking:

*Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.*

**Wanneer ervaar jy dat jou skedule te vol raak en te veel van jou vereis? Watter situasies veroorsaak dit? Hoe hanteer jy dit? Verduidelik.**

---

---

---

---

**Wat was vir jou goed van die "*lockdown*" tyd gewees? Wat het jy geleer? Hoe het dit jou laat dink oor jou prioriteite? Watter aanpassings het jy gemaak?**

---

---

---

**As jy 'n koffie afspraak met Jesus sou kon kry, watter vrae sou jy Hom wou vra? Verduidelik.**

---

---

---

---

**As jy terugdink oor die afgelope reeks – *Wat Sou Jesus Verander* – wat het vir jou uitgestaan? Wat ervaar jy is een ding wat God op jou hart kom druk het?**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Jakobus 1:17. Dink jy as God ons iets vra om te doen, dat dit ook in hierdie kategorie van "goeie gawe" sal val? Verduidelik.**

**Hebreërs 11:6. Hoekom dink jy is geloof nodig om gehoorsaam te wees aan God?**

**Markus 10:17-27. Hoekom dink jy het hierdie man nie die geloof gehad om te doen wat Jesus vra nie? Hoekom het hy nie die vereiste van Jesus as 'n goeie gawe gesien nie?**

**Wat het jy al in jou lewe ervaar is iets wat God vir jou vra om op te gee wat baie moeilik was om te doen? Wat het jy gedoen? Hoe het dit uitgespeel?**

**Genesis 12:1-2; Genesis 15:1-6; Romeine 4:18. Abraham het nog nie die belofte in vervulling gesien nie en tog was hy gehoorsaam. Die jong man in Markus 10 het ook nie die uitkoms gesien nie en was ongehoorsaam. Hoekom dink jy is daar so groot verskil? Wat doen jy om vas te hou aan God wanneer dit onmoontlik lyk vanuit jou perspektief?**

**Is daar 'n insident waarna jy kan terugkyk in jou lewe waar jy ongehoorsaam was aan wat God gevra het? Hoe dink jy nou daaroor? Wat sou jy verander? Het jy wel 'n les daaruit geleer? Hoe beïnvloed dit jou huidige gehoorsaamheid?**

**Waar ervaar jy is tans iets wat God van jou vra wat baie geloof vereis? Hoe kan jou groep jou daarin ondersteun?**

**Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**